



AFRIKA VARKPES

Gereelde vrae en antwoorde

1. Wat is Afrika-varkpes?

- Afrika-varkpes (ASF) is 'n ERNSTIGE VIRALE SIEKTE wat wilde en mak varke affekteer.
- Daar is geen entstof nie.
- Daar is geen behandeling vir aangetaste varke nie.
- Vlakvarke en bosvarke dra die virus maar toon nie tekens van die siekte nie.

2. Hoe word die varke siek?


- Kontak met siek mak varke.
- Inname van besmette materiaal (soos voedsel, afval, voer en vullis).
- Kontak met besmette mense, skoene, klere, voertuie en toerusting.
- Sagte bosluise.

3. Affekteer ASF mense?

- Afrika-varkpes word nie na mense oorgedra nie. Dit word egter nie aanbeveel om die vleis van enige siek dier of dier wat gevrek het, te eet nie.

4. Wat is die simptome?

- Rooiheid van die vel van die ore, buik en bene.
- Hoë koors.
- Aborsie by dragtige sôe.
- Mag uit die rektum bloei of diarree hê.
- Swakheid in die agterste ledemate.
- Sterftes kan so hoog as 100% wees.
- Varke wil nie eet nie, lyk depressief, haal moeilik asem, braak, mag uit die neus bloei.
- Chroniese siektesimptome sluit in gewigsverlies, koors, respiratoriese tekens, chroniese





velsere en artritis.

5. Voorkomende maatreëls?

- Indien Afrika-varkpes vermoed word, stel u naaste dieregesondheidsbeampte onmiddellik in kennis.
- Verhoed dat jou varke in aanraking kom met ander varke met onbekende gesondheidstatus, onbekende mense, vlakvarke en wilde varke.
- Indien jy van 'n veiling koop, dring aan op 'n gesondheidsverklaring deur die verkoper om te bevestig dat die diere van 'n gesonde kudde afkomstig is.
- Koop slegs varke by betroubare eienaars, dring aan op 'n gesondheidsertifikaat van hul veearts rakende die gesondheidstatus van die plaas en sy diere.
- Moet verkieslik nie jou varke kombuisafval voer nie, maar as jy geen opsie het nie, verwyder alle vleis en kook die kombuisafval deeglik gaar.

KONTAKBESONDERHEDE:

TITEL	KONTAK NR	E-POS	ADRES
Staatsveearts: George	044-803-3771/0	SVGeorge@ westerncape.gov.za	4 Varing Avenue, George
Staatsveearts: Boland	021-808-5028/ 5253	SVBoland@ westerncape.gov.za	Western Cape Department of Agriculture building, Muldersvlei road, Elsenburg
Staatsveearts: Swellendam	021-808-5059/ 028-425-4850	DOA.svswellendam@ westerncape.gov.za	67 Voortrekker St, Swellendam
Staatsveearts: Beaufort West	023-414-9220/1	DOA.svbeaufortwest@ westerncape.gov.za	Blyth St, Beaufort West
Staatsveearts: Vredendal	027-201-3514/-0	DOA.svvredendal@ westerncape.gov.za	Cnr Matzikama and Noord St. Vredendal
Staatsveearts: Malmesbury	022-433-8915/0	DOA.svmalmesbury@ westerncape.gov.za	Cnr Spoorweg and Munisipale St, Malmesbury
Staatsveearts: Oudtshoorn	044-203-9443/5	DOA.svoudtshoorn@ westerncape.gov.za	43 Van Der Riet St, Oudtshoorn
Staatsveearts: Worcester	021-808-5052	DOA.svworcester@ westerncape.gov.za	30 Van Arckel St, Worcester